

14 November

Hoërskool Kategese

Markus 13:1-8



wat wil jy vandag bereik?

Let asb daarop dat die NOUS kategese-materiaal vir die jaar eindig op 5 Desember.

Vandag gesels ons oor die eindtye. Daar is soveel valse leerstellings hieroor. Ons kan ook vandag gesels oor die waarde van kerkgeboue en eredienste. Ons Here gee nie regtig om vir die geboue waarin ons aanbid nie – Hy gee om vir ons harte!

Ter wille van gemeentes
wat gewoon is aan die ritme
van Kontak-kategese,
plaas ons in hakies
hoe dit in daardie raamwerk inpas.

Besef egter asb. dat NOUS weggestap het van Kontak-kategese. NOUS se kategese-model is steeds gebaseer op Groome se model, maar ons het dit verder ontwikkel sodat dit makliker in gemeentes toegepas kan word.

Gemeentes is welkom om lede van die NOUS span te nooi om opleiding rondom hierdie metodiek te kom aanbied.

ons storie: ysbreker (hier en nou)

Wat is die beste flik of TV-program oor die einde van die wêreld wat jy al gesien het?

Weet ons of enigeen wanneer die einde van die wêreld kom?

Kan ons 'n datum uit die Bybel uit aflei?

Hoekom is mense bang vir die einde van die wêreld?

Wat is die twee dinge wat jy graag sou wou saamneem hemel toe, as jy kon?

word stil

Lees Psalm 4:9 'n paar keer oor. Maak 'n plakkaat daarvan of maak dit jou Whatsapp status update die eksamen. Dis ook goed om te onthou wanneer ons oor die eindtye praat

Nou sal ek onbesorg gaan lê
en dadelik aan die slaap raak,
want, Here, U alleen laat my veilig woon.

GOD se storie wat sê die Bybel (daar en dan)

lees Markus 13:1-8 saam as 'n groep

As daar tyd is, kan elkeen dit daarna weer op sy/haar eie tyd lees.



gesels dan oor die volgende saam

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het. Gebruik *Die Storie Agter Die Groot Storie* om jou te help.

Kyk so bietjie na wanneer hierdie gesprek plaasvind. Wat gebeur bv. net hierna? Hoekom sou Jesus juis nou met hulle hieroor wou praat? Hoe help dit ons as ons weet dit was die laaste keer wat Jesus die tempel besoek het?

Waarom sou Jesus die gesprek oor die tempel gebruik om sy dissipels in te lig oor die einde van die tyd? Waarom was die tempel so belangrik vir die Jode? Waarvan was die tempel vir hulle 'n teken – nie net 'n simbool nie!? Hoe dink julle het die dissipels oor die tempel gevoel?

Jesus maak hierdie uitspraak oor die tempel in 33nC. Die tempel is toe wel vernietig in 70nC. Het Jesus hierna verwys of wat?

Gesels oor die tekens van die tye. Hoekom is dit so maklik om deur die tekens mislei te word?

Jesus waarsku sy dissipels – die Kerk, vir ons – dat daar sekere dinge gaan gebeur, met ons gaan gebeur, voordat Hy weer kom. Wat is dit? Watter troos gee Hy vir ons?

Hoekom hou die Vader die tyd geheim (lees ook 13:32)? Wat is ons verantwoordelikheid intussen? Wat moet ons reaksie wees wanneer iemand 'n spesifieke datum voorspel wanneer Jesus weer gaan kom?

Jesus se probleem met die tempel was dat dit net uiterlik mooi en indrukwekkend was. Hoe dink julle voel Jesus oor die Kerk (nie net ons gemeente nie)? Dink julle Jesus is vir of teen eredienste in mooi en groot kerkgeboue? Of gee Hy dalk nie om nie? Wat maak dan vir Hom saak?

Jesus het gesê die tempel gaan vernietig word en in drie dae weer opgebou word. Waar is die tempel nou? Waar woon God nou? Waar is God op hierdie oomblik?

ons nuwe storie

Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons. Verder en Voor

Dis eksamentyd – watter boodskap kan jy saam met jou vat die week in die eksamenlokaal. Watter troos wil die Here die week vir jou gee?

Onthou die week: Jy is die tempel van die Here! Jy is die liggaam van die Here!

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Onthou julle nog die ABC van gebed?

Aanbidding

"Here, ek aanbid U, want..."

Belydenis

"Here, vergewe my vir..."

Voorbidding

"Ek bid vandag vir..."

Danksegging

"Dankie, vir..."

Eie behoeftes en toewyding

"Here, help my om..."

